# *Die Vergete Saligspreking*

. . . dank U uit die diepte van ons hart, vir die Here Jesus, Wat ons Lewe is, en in Hom vind ons geen fout nie. Maar ons vind in onsself, fout, wanneer ons in Sy lewe kyk en ondersoek, ons s'n met Syne, bid ons dat U ons vergewe.

2 Ons vra, vanaand, dat U ons sal ontmoet. U het belowe dat waar ook al twee of meer sou vergader, dat U in die midde sou wees, en as ons enigiets sou vra, dat dit toegestaan sou word.

3 En, Vader, ons—ons motief en ons doelwit, vanaand, en ons verlange in ons hart is om Christus verheerlik te sien word. So ons bid dat ons pogings vanaand sal wees, soos hulle voortgaan, om mense te bring tot 'n lewende geloof in 'n lewende God, dat, 'n God wat nie dood is nie, maar vir ewig lewe.

4 Ons bid Vader, dat U ons siele sal ontroer vanaand, met U Teenwoordigheid, deur Jesus Christus, vra ons dit, in Sy Naam. Amen.

5 Mag maar sit. Net 'n bietjie laat en net 'n bietjie moeg, Ek is al van Kersfees af aan die gang sonder enige onderbreking, so ek is baie moeg. Ek was bly, vanaand, om Broer Joseph Boze te sien, na wie ek gesoek het om hom te sien vir 'n geruime tyd, wat teruggekeer het van die velde oor die see.

6 En jammer om te sê, vanaand, dat ons kosbare broer en vriend, hier, Broer Tommy Hicks, ons vanaand verlaat vir, of, môre-oggend na Kanada om 'n diens te hou. Ek het hom probeer kry om uit te kom en vir my te preek vanaand, want ek was so moeg, of óf die gebedsry te hou, hy—hy het my in die steek gelaat, so, en hy het gesê: "Die volgende keer, die volgende keer." En—en hy hou aan om dit vir my te sê.

7 En ek—ek weet dat Broer Tommy Hicks is, ek het, die dae wat ek met hom spandeer het, en die tye, en die gemeenskap, ek het beslis 'n groot vertroue in Tommy Hicks, om 'n dienskneg van die lewende God te wees. 'n Groot meesterstuk wat ek nie glo dat daar enigiemand sou wees wat enigiemand kon sê teen die leiding van die Heilige Gees vir Broer Hicks nie. Want hy was net 'n . . . Eendag toe hy . . . Julle het gehoor van sy boodskap om na Argentinië toe te gaan, en hy het nie eens die geld gehad om te gaan nie, maar die Here het hom gestuur, en, o, julle weet van die diens. En 'n persoon wat so aan God kan oorgee soos dit!

8 Julle weet, God kan net gebruik watter deel van jou, jy aan Hom oorgee. Julle sien, soos ek gesê het, ek glo, eendag, iewers, ek praat soveel in verskillende plekke, en oggende, en middag dienste, en wat nog, maar ek het dit gesê, dat God kan gebruik wat jy gee, soos Simson. Simson wou nie sy hart aan God oorgee

nie, hy het dit vir Delila gegee, maar hy het sy krag aan God gegee, en God kon net sy krag gebruik, dis al.

9 Maar as 'n man net sy hele wese aan God kon oorgee, nou dis die ding. As jy jou—jou liggaam kan oorgee, sal God jou liggaam gebruik. As jy jou verstand kan oorgee, jou hart, wat dit ook al is, sal God gebruik wat jy vir Hom gegee het om mee te gebruik. Hy is op soek om iemand te kry wat Hy so oorgegee kan vind.

10 God wees met jou, Broer Tommy, gee jou 'n groot, groot sukses. Ons sal vir jou bid in jou dienste daar. En ek sal ook in Kanada wees, binne 'n paar dae, maar bo aan die ander kant, so. . . Gee jou 'n groot sukses en veilige reis. [Broer Tommy Hicks sê: "God seën jou."—Red.] Ons. . . Dankie. Dieselfde vir jou, Broer Tommy.

11 Ons het 'n wonderlike tyd gehad vanmôre in gemeenskap om die tafel van God vanmôre by die, waar ons die seën gevra het en 'n predikersontbyt gehad het, die eerste keer wat ek bevoorreg was om die predikersgroep van hierdie stad te ontmoet. En ek het beslis 'n paar groot manne gevind, groot dienaars van Christus met groot harte, wat uitreik na God.

12 En ek vertrou dat ons, een of ander tyd, kan terugkom waar ons 'n vol plek het, almal saam, en 'n groot gemeenskapsdiens en—en 'n groot diens almal saam hê, hier in Chicago.

13 Nou, daar was, gisteraand, ek dink ons het vir die siekes gebid. En Sondagmiddag, het ek gepreek oor die onderwerp van *Abraham En Sy Saad Na Hom*. Gisteraand, het ek gepreek oor die onderwerp van *Die Grootste Nuusflits Wat Ooit Die Wêreld In Geskiedenis Getref Het*.

14 En vanaand, as julle in die Skrifte sal blaai, as julle wil, na Matthéüs die 11de hoofstuk en die 6de vers, sal ek hierdie woorde lees:

> *En salig is hy, elkeen wat aan my nie aanstoot neem nie.*

15 Ek gaan hierdie onderwerp *Die Vergete Saligspreking* noem.

16 Ons is almal bekend met die Saligsprekinge. Oorkant in die—die Boek van Matthéüs die 5de hoofstuk, het Jesus die Saligsprekinge geleer toe Hy die mense geneem het en teen die berg opgegaan het, net voor die begin, of, net soos Sy bediening begin het, het Hy hulle Leier geword. En Hy het opgegaan en die Saligsprekinge geleer, en begin: "Julle het hulle hoor sê, hulle van die ou tyd, maar Ek sê vir julle," ensovoorts.

17 Nou, Jesus was 'n volmaakte tipe van, of, Moses was 'n tipe van Jesus; Jesus was die Antitipe van Moses. Moses was 'n—'n profeet, hy was 'n wetgewer, hy was 'n soort van 'n koning oor die volk in die wildernis, Israel. En hy is 'n profeet gebore, hy was weggesteek van Farao, net soos Jesus weggesteek was van die Romeinse Ryk, en hy, sy bediening en lewe het net direk getipeer.

En Moses, toe hy die kinders van Israel in die wildernis gekry het, het hy opgegaan in, na die berg en die gebooie gekry, afgekom en die gebooie begin leer.

18 En Jesus, toe Hy die mag in Sy hande gekry het, het Hy teen die berg opgegaan en gaan sit en die mense begin leer, "Salig is dié wat rein van hart is, hulle sal God sien. Salig is die armes van gees, aan hulle behoort die Koninkryk van God. Salig is julle wanneer julle uitgeskel word, en vervolg word, en bespot word, ensovoorts, want hulle het die profete vervolg wat voor julle was. Verbly en verheug julle, want groot is julle beloning in die Hemel."

19 Hy het Moses presies getipeer, of, Moses se tipe was 'n tipe van Hom. En ons is almal bekend met daardie tipes van wat Moses was en wat Jesus was, wat die Saligsprekinge leer. Maar hierdie Saligspreking is oorkant in die 11de hoofstuk en die 6de vers, en as julle nie dophou nie, sal julle reg daar bo-oor lees en sal julle dit nie kry nie. Dit is ingedruk tussen ander woorde, maar dit is 'n Saligspreking. En Hy het gesê: "En salig is hy, elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie." Sien?

20 "Salig is die rein van hart . . . Salig is die vredemakers . . . Salig is . . . Salig is . . . " En ver hier oorkant, glip Hy weer hierdie Saligspreking in, sien, "Salig . . . En, salig is hy, elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie." O, dit was 'n groot tyd, in daardie dae.

21 Nou, ons vind dat wat dit laat begin het, was net na die bediening van hierdie groot, geharde, Nuwe Testament Elía, Johannes die Doper. En dis na wie die Boodskap gestuur is. En Johannes is in die tronk geplaas as gevolg van sy bediening. En o, wat 'n geharde kêrel was Johannes! En hy was regtig, waarlik: "die boodskapper" wat Jesus gesê het: "wat voor My uit sal gaan." En hy was 'n buite-lewe man.

22 En hoe, toe hulle hom gevang het, was hy perfek soos Elía, met wie sy gees gesalf was, hy was die gesalfde Elía van die Nuwe Testament. Hoedat Elía 'n—'n soort man was wat nie gehou het van die manier wat Isébel, onsedelike vroue, gelewe het nie, en Johannes, dieselfde ding; en Elía het in die woestyn gewoon, Johannes, dieselfde ding; Johannes het soort van alleen gestaan, net soos Elía het. En daardie groot, geharde man van die wildernis, en het hom toe onder in 'n ou muwwe, nat, klam tronk gehad.

23 Dit moes 'n verskriklike ondervinding gewees het vir Johannes, 'n man wat vry was, buite in die wildernis, wat sy kos gehad het van die treksprinkane, en heuning, en die woestynreis, daarbuite waar hy kon doodmaak wat hy geëet het, of wat hy wou uit die wildernis neem, en nou is hy onder in 'n ou muwwe, vuil tronk, miskien donker, in 'n kerker iewers, want daardie vrou, Isébel, van, Heródias het hom daar laat ingooi omdat hy hom

vertel het dat dit nie reg was vir hom om, Herodus, te neem, om sy broer Filippus se vrou te neem, en saam met haar te lewe nie, dit nie wettig was vir hom om dit te doen nie.

24 En Johannes was een van daardie manne wat nie enigiets gespaar het nie, hy het haar net laat vlieg, dit het geen verskil aan hom gemaak nie, as dit 'n kop af was, was dit 'n kop af, dis al. Net soos Elía, hy was net prontuit met wat hy te sê gehad het, wat reg was, was reg, as dit verkeerd was, was dit verkeerd.

25 God, ons het meer soos daardie nodig vandag, manne wat sal staan op ware egte oortuigings van die Woord van God. Sê Dit en moenie stilbly nie, spreek Dit uit.

26 En dan vind ons daar dat Johannes, onder in hierdie ou, muwwe, vuil tronk, met 'n bietjie vuil brood wat hulle waarskynlik vir hom sou ingooi nou en dan, hy het seker maer geword, en geen manier om sy Bybel te lees nie, en hy sou, het soort van, syne, soos een skrywer eenkeer oor hom geskryf het, gesê het: "Daar het 'n lagie oor Sy arendsoog gevorm."

27 Julle weet die profete word vergelyk met arende, en God noem Sy profete arende. Is omdat 'n arend die magtigste van al die voëls is. En die arend kan hoër gaan, hoër sweef as enige ander voël, en hy het 'n beter oog as enige ander voël.

28 Hulle praat van 'n valk wat 'n oog het, of, en 'n valk wat in staat is om in die lug op te vlieg, wel, as 'n valk 'n arend sou probeer volg, sou hy disintegreer in die lug, hy sou beslis. En nou, wat gaan dit die arend help om daar bo te kom as sy *oog* nie goed genoeg is om te sien, waar, weer af na die aarde toe te kan kom nie?

29 Dis net soos as, wat help dit ons om hoog te spring as ons nie weet waaroor ons spring nie? Sien? En waarom getuig ons hard, of maak 'n klomp geraas as ons niks het om 'n geraas oor te maak nie? Sien? En dis nou anders, die geraas is goed as jy iets het om 'n geraas oor te maak, maar wag eers tot daardie kom, en dan sal dit 'n geraas wees jou hele lewe lank.

30 Maar ons vind dat daar 'n lagie oor hierdie arendsoog gevorm het, omdat hulle hom uit sy woonplek uit die wildernis geneem het, en hom in 'n ou vuil, muwwe tronk gesit het, en hierdie groot man wat 'n arend kon wees om in die lug op te sweef.

31 Nou, hoe hoër jy gaan, hoe verder kan jy sien. Hulle gaan nou op in hierdie ballonne en dinge, sodat hulle kan, so hoog in die lug, dat hulle 'n foto kan neem van die hele aarde, in sy kromming. En ek veronderstel, in hierdie nuwe toestel wat Rusland het, wat om die wêreld kan gaan binne omtrent 'n uur en vyf-en-veertig minute, wel, kan hulle die hele omwenteling daarvan verfilm. Maar, hoe hoër jy gaan, meer kan jy sien.

32 Daarom, profete in die Bybel, was daardie arende wat *ver* op en bokant die gemeente kon sweef, en uitvind wat SO SPREEK

DIE HERE was, dan kon terugkom en die nuus bring. Sien? Daarom het die Woord van die Here na die profete gekom. En Johannes wat opgehok is, wel, dit het 'n lagie op daardie arendsoog laat vorm.

33 Ek het so jammer gevoel, eenkeer, vir 'n groot arend. En ek kan net nie uithou om na 'n dieretuin toe te gaan, om daardie arme goed in hokke te sien, leeus, en, hoe dit net lewenslank in die tronk is nie. En ek en klein Sarah het, eenkeer, by die Cincinnati Dieretuin, hier oorkant, rondgeloop, en moeder het ons middagete voorberei. Ons was bo saam met die kinders, daarbo, hulle hou daarvan om op die bootritjies te gaan en die ape te sien en wat nog. So ons het rondgeloop terwyl moeder die middagete voorberei het.

34 En ek het 'n geraas gehoor, en ek het afgegaan na die onderkant van die heuwel om te sien wat dit was. En hulle het pas 'n groot arend gevang en hom in 'n hok gesit. En ek het gekyk na daardie arme kêrel daar, en hy het oral oor sy kop gebloei, en die vere was alles van sy kop af geslaan en van die punte van sy vlerke af. En ek het die groot kêrel dopgehou wat daar oorstap, dan sou hy hier aankom, probeer opstyg, soos die arend maak. En hy sou sy kop teen daardie tralies kap, en hom laat terugdeins, en op die vloer val, en daar lê en daardie groot oë rondrol, en opkyk soos *daardie*. En weer teruggaan, en hier sou hy kom en weer teen daardie tralies slaan, en bloed en vere is van hom afgeslaan, en hy sou op sy rug lê, daardie groot oë rol en opkyk.

35 Hoekom? Hy was 'n hemelse voël, hy het opgekyk na waar hy behoort te wees. Maar een of ander geslepe kontrepsies van die mens het hom in 'n hok geplaas. En ek het gedink dit was die verskriklikste, jammerlikste gesig. Ek sou daardie arend gekoop het as ek gehad—as ek my eerste offerande moes opneem om—om daardie arend te koop, om hom los te laat.

36 Ek het gedink: "Daardie arme kêrel," ek het gedink: "goeiste, as dit nie vreeslik is nie, dat, gebore om 'n hemelse-sweefvoël te wees, en hier is hy deur die vermoëns van mense, totaal ingehok, en hy kap net sy brein uit, maar hy's ingehok." Ek het gedink: "Dis die verskriklikste gesig wat ek nog ooit gesien het."

37 Toe het ek omgedraai om weg te loop, en ek het gedink: "Ja, dis 'n verskriklike gesig, maar ek het iets verskrikliker as dit gesien, om mans en vroue te sien wat gebore is om seuns en dogters van God te wees, ingehok in een of ander soort hok, wanneer hulle dan opkyk en weet daar's 'n God van die Hemel, weet dat Hy 'n groot Geneser is, en 'n groot Meester, en 'n groot Verlosser, en dan in een of ander soort van 'n kerklike hok gesit, waar hulle net hulle breine uitkap met allerhande soorte verenigings, en al die res, en nooit in staat is om uit die hok uit te kom nie."

38 Dis 'n jammerlike toestand. Vertel hulle alles van 'n groot God wat was, en hulle groot verwagting gee, dan die hele ding onder hulle uitslaan, "Hy het gesterf en is in die graf gesit en dis al, Hy's nie soos Hy altyd was nie." Dis 'n jammerlike gesig, om mense te sien, mans en vroue wat gebore is om kinders van God te wees en wat ingehok is in sulke dinge soos daardie.

39 John, daar het waarlik 'n lagie oor sy arendsoog gevorm. En Johannes het moeg geword. Hy en Elía was baie dieselfde, want dieselfde gees was op, hierdie, 'n ander man. Sien, God neem nooit sy gees nie, Hy neem net Sy man. God het Elía geneem, Elía se gees geneem en dit op Elisa gesit, toe het Hy dit van Elisa afgehaal, en dit op Johannes gesit, en het belowe om dit weer te sit net aan die eindtyd, nog een wat aan die eindtyd kom, nog 'n Elía. Wat ons almal, as Bybellesers, weet dat dit aan ons belowe is.

40 Nou, ons vind uit, dan, dat die duiwel sy man neem, maar nooit sy gees nie, en hy laat dit net reguit afkom net op dieselfde manier. En ons vind uit dat daardie twee bymekaar is.

41 En ons vind dat—dat Elía en Johannes baie dieselfde was. Hulle was baie senuweeagtige manne, albei van hulle het amper 'n senuwee-ineenstorting gehad, albei van hulle. En manne wat naby aan God lewe, word meestal as neurote beskou of iets verkeerd met hulle. Dis reg, hulle word altyd so beskou.

42 Paulus, vanmôre, toe ek met die predikersgroep gepraat het, Agrippa het vir hom gesê, of, Festus het gesê: "Te veel geleerdheid maak jou kranksinnig, of mal."

Hy het gesê: "Ek's nie kranksinnig nie, ek's nie mal nie, ek's nugter." Sien? "En ek—ek's reg."

43 En om, hulle sê, soos William Cowper, glo ek was dit, toe ek by sy graf daar in Londen gestaan het, en hy daardie beroemde lied geskryf het:

> Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
> Getrek uit Emmanuel se are,
> Waar sondaars wat onder die vloed gedompel is,
> Al hulle skuldvlekke verloor.

44 Daardie man was so geïnspireerd dat hy, na, hy probeer het om 'n tou te neem en homself op te hang, die tou het gebreek. Hy het na die rivier toe probeer gaan om selfmoord te pleeg, en die huurmotor kon nie eens die rivier vind nie, dit was so mistig.

45 En net om te wys hoedat daardie inspirasie 'n man beetkry, hom wegvoer, dan wanneer hy daaruit kom, soos Stephen Foster, wat hierdie volk sy grootste volksliedjies gegee het, *Ou Swart Joe*, *Onder Op Die Swanee Rivier*, *Ou Kentucky Tuiste*, elke keer wat hy inspirasie sou kry en 'n lied skryf, dan sou hy begin drink,

uiteindelik, het hy onder die, uitgekom onder die inspirasie, en 'n dienskneg geroep en 'n skeermes geneem en selfmoord gepleeg.

46 En ek dink aan Jona die profeet, God wat daardie groot arend geïnspireer het vir die lug van daardie dag. God het hom *so* geïnspireer, totdat hy soontoe gegaan het en in 'n maag van 'n walvis gelê het vir drie dae en nagte, uitgestap op die oewer en 'n boodskap gegee wat selfs daardie mense sakke op hulle diere laat sit het. En toe die Gees hom verlaat het, het hy teen die heuwel opgegaan, en gaan sit en God gevra om hom te laat sterf. Dis reg.

47 Ons vind hierdie groot Elía, van wie Johannes 'n tipe was, die groot arend van daardie dag, magtige, geharde man, groot man van die woude, het in die woude in 'n grot gewoon, en hy het uitgekom, uitgestap onder die mense, en God sou hom opneem na plekke waar Israel niks van geweet het nie, en die boodskap verklaar en sê: "Dis SO SPREEK DIE HERE," en weer terugstap in die wildernis in.

48 Om daardie groot arend te vind, toe hy daar uitgestap het en vir daardie koning gesê het, "Daar sal nie eens dou uit die hemele kom, behalwe met my woord, nie." Weer reguit teruggeloop daarbuite, toe hy in daardie Samaritaanse pad afgestap het daardie dag, daardie stok in sy hand, daardie stuk skaapvel omgedraai, daardie bleskop wat blink, wangbaarde wat afhang, daardie treë net so bestendig as wat hulle kon wees, af in daardie Samaritaanse pad.

49 Maar hy het geweet in Wie se Teenwoordigheid hy was. Hy was nie bang vir wat Agab sou sê nie, want hy was in die Teenwoordigheid van Iemand groter as Agab. Hy was in die Teenwoordigheid, en hy het SO SPREEK DIE HERE gehad. Daardie ou oë, wat daaragter gesit het, met daardie plooie, het reguit in die lug opgekyk, hy het reguit aangestap, omdat hy geweet het hy het SO SPREEK DIE HERE gehad.

50 O, hy was 'n arend. Het teen die berg opgegaan, en daar by die spruit gedrink totdat dit droog geword het, en teruggegaan soontoe en 'n—'n vergadering gereël, toe God vir hom 'n visioen gegee het, teen die berg opgegaan, en gesê: "Laat ons bewys Wie God is. Laat ons sien Wie God is. As Hy ooit God was, is Hy steeds God." Dis reg. O, ek hou van daardie arende. Ja, meneer.

51 Het soontoe gegaan en gesê: "As Hy . . . Laat ons God bewys," en hy het gesê, die manier wat God vir hom vertel het, die visioen genoem, hy het gesê: "neem julle 'n bul, en—en ek sal 'n bul neem, en roep julle uit tot Baäl, en ek sal uitroep tot God, en watter een ook al met Vuur antwoord, laat Hy God wees."

52 En terwyl hy so seker was van homself, so seker van sy visioen, terwyl hulle die hele oggend uitgeroep tot Baäl en hulleself gesny, en geskree, en gespring het, het hy rondgeloop, gesê: "Sê, miskien moet julle nog 'n bietjie skree, miskien

agtervolg hy, of miskien neem ’n middagslapie.” Julle sien? O, hy het geweet waar hy gestaan het. Dit was!

53 Maar nadat hy God bewys het, het daar ’n lagie oor sy arendsoog gevorm, en toe Isébel gedreig het dat sy hom sou doodmaak, het hy buite in die wildernis ingehardloop. God het Sy dienskneg gevind wat onder ’n besembos lê, terwyl hy hardloop, nadat hy bewys het dat God God is.

54 Senuweeagtig, ontsteld, wanneer jy opgaan in daardie sfere, doen dit iets aan die menslike hart. Wanneer jy afkom, jy—jy kan dit nie verduidelik nie, dit neem jou iewers heen, dit help glad nie om daaroor te probeer praat nie. Visioene ensovoorts wat jou uitmekaar skeur, jy kan nie vir die ander mense sê nie, hulle verstaan dit nie. Hulle was nog nooit daar nie, so hoe sou jy daarvan weet? So, dit skeur hulle uitmekaar.

55 God, so goed vir Sy dienskneg, egter, om hom te voed en hom te bemoedig, en buite onder die besembos. Maar nadat hy soveel vertroue in Jehova gehad het, so *seker*, dat hy voor die koning kon opstap, en gesê het: “Nie eens dou sal val, behalwe op my woord, nie.” Reg uit die koning se paleis gemarsjeer, gesalf.

56 Toe het hy ’n visioen gehad van wat om te doen. Toe het hy net daar uitgegaan op daardie berg en geneem, en Vuur uit die hemele afgeroep, bewys Hy was God, toe reën uit die hemele uitgeroep op dieselfde dag, en toe vierhonderd man doodgemaak, priesters, heidense priesters, het hulle koppe afgekap, en toe gevlug toe die visioen hom verlaat het.

57 Senuweeagtig, wat daarbuite gesit, gesê het: “Ek is niks beter as die res van my vaders nie. Ek is niks meer as enige van die ander profete nie. Nou, Here, neem my lewe, ek’s die enigste een wat oor is, ek’s die enigste een wat die regte Evangelie verkondig, so neem net my lewe, laat my gaan.” Hulle raak heeltemal verbouereerd soos daardie.

58 Maar God het gesê: “Nee, Ek—Ek—Ek het—Ek het nog seweduisend, wat nog nooit hulle knie voor Baäl gebuig het nie.” Sien? Sien? “Maar Ek, dis alles reg Elía, jy doen ’n groot werk, maar Ek—Ek het nog ’n ander klomp,” jy sien: “waarvan jy nog nie weet nie.”

“Maar neem my lewe. Ek is niks meer as wat my vaders was, profete voor my nie. Laat my sterf.”

59 En hier, Johannes, baie soos hy, wat hier in die tronk lê, besig om te muf, nadat hy op die oewer van die Jordaan gestaan het, uit die wildernis gekom het, die Heilige Gees in sy moeder se skoot ontvang het, drie maande voor hy gebore is. Het beslis.

60 Hoe? Toe hy die eerste keer die Naam van Jesus Christus gehoor het, toe Maria daar opgekom het, en sy het, sy het nog nie, sy het nog nooit iets gevoel nie, die Engel haar net oorskadu het, die Heilige Gees vir haar gesê het. Sy het vertrek na Judéa,

en sy is, uh, vir Elisabet vertel, dat sy ma sou word, en gesê: "God het my oorskadu, en ek gaan 'n Kind hê, en gesê ek sou Sy Naam Jesus noem."

En klein Johannes was ses maande, alreeds, Elisabet was, in haar moederskap, swangerskap, en sy het nog nie eers lewe gevoel nie.

61 En so terwyl sy gestaan het, na Maria se gesig gekyk het, en Maria wat haar vertel het wat die Heilige Gees gesê het gaan gebeur (En vertel het van die ondervinding wat sy gehad het, 'n ou vrou wat swanger geword het, en toe hoe haar man stomgemaak was.), en terwyl sy daar gestaan het, en sy het gesê: "Ek—ek gaan 'n Seun hê en Sy Naam Jesus noem," en sodra daardie kosbare, glorieryke Naam van Jesus die eerste keer gespreek is in die menslike lip, het 'n klein, dooie babatjie wat in sy skoot gelê het, gespring, en lewendig geword, en die Heilige Gees ontvang het, in die moeder se skoot.

62 Gesê: "Waar kom die moeder van my Here vandaan? Want so gou as wat ek jou groet gehoor het, het my baba in die skoot gespring van vreugde." En die Bybel het gesê hy is gebore uit sy moeder se skoot vol van die Heilige Gees.

63 'n Man geroep deur God, het uitgekom in die wildernis op nege jaar oud, geen geleerdheid nie, het in die wildernis ingegaan en was 'n man van die woude.

64 Op dertig jaar oud, het hy uit die wildernis uitgekom en so 'n Boodskap van 'n komende Messias gepreek, dat hy die streke geskud het. En hy was nie bang vir die doktrine van die Fariseërs nie, gesê—gesê: "Julle slange in die gras, moet julle nie hiernatoe kom en sê: 'Ons het Abraham as ons vader,' nie. Julle addergeslag, wie het julle gewaarsku om te vlug van die toorn wat kom?" O, goeiste. Hy was rof.

65 Gesê: "Ek vertel julle van 'n Messias wat kom met 'n skop in Sy hand," amen: "Hy sal Sy vloer deeglik skoonmaak, Hy sal Sy koring na die skuur neem, en Hy sal die kaf met onuitblusbare vuur verbrand." Sjoe! Hy het geweet waarvan hy gepraat het.

66 Nou, maar toe hierdie Messias uiteindelik gekom het, toe Messias uiteindelik gekom het, en Johannes die eer gehad het om Hom te doop, Hy het net—net presies reg gekom, al die tekens was reg, Hy het die Messiaanse teken gewys, en Johannes het dit geweet, dat Hy die Messias was, dis die Messias, daar's geen twyfel daaroor nie. Johannes het gesê: "Ek het daardie Vuurkolom, Lig sien neerdaal op Hom in die vorm van 'n duif, 'n Stem wat spreek uit daardie Ligkolom, wat sê: 'Dit is My Geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon.'"

67 Hy het geweet dit was die Messias, Johannes het gesê: "Ek het Hom nie geken nie, maar Hy, was in die woestyn, vir my gesê om te gaan doop met water, gesê: 'Op Wie jy die Gees sal sien

neerdaal en op bly, Hy's die Een wat met die Heilige Gees en Vuur sal doop.' En ek is seker Hierdie is Hy." So hy het dit uitgebasuin.

68 Maar toe probleme gekom het, het Jesus gekom en die Messias gewys, dat Hy Messias was, maar toe het iets verkeerd gegaan. Johannes het 'n Messias bekendgestel met 'n skop in Sy hand, wat die kaf sou verbrand. Maar hy het uitgevind die werke van Jesus, Hy was sagmoedig en nederig. So dit het hom bekommer. Hy het nie geweet—hy het nie geweet wat om te sê nie. Hy—hy het gedink: "Nou, daar's iets verkeerd hier iewers." Gelyk hy het—hy het die verkeerde ding geglo, dit het gelyk asof dit nie reg gewerk het nie.

69 En daar's baiekeer dat ons ook dink, dat dit nie reg werk nie. Maar dit werk reg. Solank ons weet dat Hy hier is, watter verskil maak dit? Dit werk reg. Miskien werk dit nie volgens die manier wat ons dink dit behoort te werk nie, maar dit werk volgens die manier wat God wil hê dit moet werk.

70 Julle sê: "Wel . . ." Johannes het gedink: "Wel, nou, ek het 'n Messias bekendgestel wat Sy skop in Sy hand gehad het, en Hy sou die vloere skoonmaak, en Sy koring na die skuur neem. En ek het vir hulle gesê die byl was teen die wortel van die boom gelê, en Hy sou al die gemors neem en dit verbrand. En hier is Hy, in plaas van 'n groot, magtige Man soos daardie, hier kom Hy sagmoedig en nederig. Iets moes iewers verkeerd gegaan het," het hy gesê: "daar is geen twyfel dat iets iewers verkeerd is nie." Hy het gedink dit was nie reg nie.

71 Hy het ontsteld geraak soos baie van ons raak. Wanneer ons dinge sien aangaan wat dit nie is wat ons dink net reg is nie, raak ons ontsteld. Moenie bekommerd wees nie, dit sal alles reg wees.

72 Die duiwel het hom daarbinne beetgekry, die duiwel het gedink: "Nou, ek het hom nou in die tronk, ek het hom in die tronk gegooi, so ek sal hom baie goed verrinneweer terwyl ek hom daarbinne het. God gebruik hom nie nou nie, ek het hom in die tronk, so ek sal net elke soort kombers oor hom trek wat ek kan. Ek het hom totaal opgehok, ek het die arend in die hok, so ek sal—ek sal net—ek sal hom net laat wens hy het nooit die Evangelie gepreek nie."

73 Dis hoe hy *baie* doen. En daar's baie goeie manne in daardie selfde toestand vandag. Dis presies reg. Ons dink dit werk nie reg nie, maar dit werk reg, alles is reg.

74 Hier nou die dag, 'n klein . . . Ek sien soveel mense wat inkom, sê: "Wel Broer Branham, daar is vir my gebid die . . . Ek—ek—ek het regtig nie 'n verskil gevoel nie, wel, daar's iets verkeerd." Nee, daar is nie. Daar's niks verkeerd met die stelsel nie, daar's niks verkeerd met God nie, daar's niks verkeerd met die Bybel nie, daar's niks verkeerd met die Heilige Gees nie, die ding is, is iets verkeerd met *jou*.

75 Alles het reg geloop, dit was net Johannes. Dis al.

76 So daar was 'n dame wat nou die dag gekom het van—van Zion Stad, sy mag nou hier wees, omtrent 'n maand gelede. Daardie vroutjie, haar eggenootjie, 'n pragtige paartjie, en hulle het na my plek toe gekom, en—en hulle het gekom saam met 'n paar goeie vriende van my, Simses, van daarbo by Zion. En hulle mag almal hier sit vanaand sover ek weet.

77 En sy het 'n babatjie gehad, ek dink dit is gebore met sy voet wat bo gehang het soos *hierdie* en—en kon nie sy voet laat sak nie. En—en sy het net gesê: "As ek net vir Broer Branham sy hande op hierdie baba kan sien sit, sal daardie voet afsak." Wel, sy het vir dit skoene gebring om huis toe te dra en alles. En sy, dis: "Ja, meneer."

78 So ek het gebid bo by die tabernakel by, of, gepreek, en toe, toe ek klaar was, het ek probeer, 'n manier kry om by 'n ander diens uit te kom en, of, oorkant in Bloomington, Illinois, en toe, voor jy jou kom kry, toe ek die platvorm begin verlaat het, ek dink ons het ingegaan, Voetewas gedoen.

79 Ons is, ons glo in Voetewas, ek—ek glo dis, die Bybel leer dit, en ons is veronderstel om dit te doen totdat Hy kom, en so probeer ons elke Woord hou wat Hy gesê het. En ons het dit gedoen by ons kerk, wat ons altyd het, vir dertig jaar nou.

80 Ons het ingegaan vir Voetewas, en—en my seun het gekom, en gesê: "Pa, daar's—daar's mense wat daar van Zion af gekom het," gesê: "hulle het verwag om vanaand gebed vir die siekes te hê," hy het gesê: "hulle het 'n babatjie wat, daardie vrou glo as jy ooit vir daardie babatjie sou bid, daardie beentjie sou afsak, dit het 'n mank been."

Ek het gesê: "Bring dit hier."

81 En die klein, pragtige, moedertjie, sy het gekom en sy het gesê: "My baba, Broer Branham, ons het geglo, ek en my man, wanneer jy jou hande op hierdie baba lê, dat die been reguit gaan kom, dit gaan reg wees."

Ek het gesê: "Wil jy hê ek moet 'n visioen van die Here kry?"

Sy het gesê: "Nee, meneer, lê net jou hande daarop."

Ek het gesê: "Goed, ek sal dit doen." My hande daarop gelê, daarvoor gebid, in die kamer ingegaan.

82 En die volgende dag was ek buite by die kantoor. Toe ek daarbuite gesit en—en 'n paar oproepe beantwoord het, en—en 'n bietjie werk gedoen het daar by die kantoor, het 'n motor aangery gekom, en die dametjie het uitgeklim, sy, en haar man, en hier het hulle gekom, gesê: "Broer Branham," gesê—gesê: "iets het verkeerd geloop."

Ek het gesê: "O, wel, wat bedoel jy?"

"Wel," het sy gesê: "die—die baba se been het nog nie afgesak nie."

En ek het gesê: “Wel, wat het dit daarmee te doen?”

83 En sy het gesê: “Wel, ek—ek—ek het geglo, Broer Branham, ek het geglo as jy ooit jou hande op my baba sou lê, dat God dit sou genees.” Gesê: “Ek het dit geglo.” En gesê: “Iets het iewers verkeerd geloop.” Sy het gesê: “Miskien moet jy ’n visioen daarvoor kry.”

Ek het gesê: “Nee. Nee. Daar’s niks verkeerd nie, nee, nie ’n ding verkeerd nie, enigste ding wat verkeerd is, is jy.” Sien? Ek het gesê: “Glo jy dit net.”

Sy het gesê: “Een ding sal ek vra: Broer Branham, dink jy dis God se wil vir my baba om kreupel te wees?”

Ek het gesê: “Ek glo nie dis God se wil nie.”

84 Sy: “Dis al wat ek wou hê jy moes sê.” Daar het sy uitgegaan. En ’n paar dae gelede het hulle gebel, en nou, is die baba se been weer normaal, afgesak. Hulle. . .Sien, ons raak net verbouereerd, dis al, alles loop reg, alles is net betyds.

85 So ons vind hier uit dat die duiwel die mense probeer laat glo, of, nie glo nie. So die duiwel het probeer om Johannes te kry om nie te glo dat Hy die Messias was nie. So hy het twee van sy dissipels gekry, en hy het hulle uitgestuur, gesê: “Nou, gaan julle uit en vind waar Hy ook al preek, en wanneer julle dit doen, gaan julle uit en vra Hom: ‘Was ek verkeerd?’” Kan julle julle dit voorstel?

86 “Kon—kon ek—kon ek verkeerd gewees het? Is Hy regtig dieselfde Een? Ek weet die teken was reg, ek het die Messiaanse teken gesien, ek het geweet dit was reg, maar—maar hierdie *sagmoedig en nederig*, en *dit* alles, ek—ek verstaan dit nie, dit nie. . .Ek kan dit nie uitwerk nie, ek kan dit nie maak, dat dit ooreenstem nie.”

87 Jy’s nie veronderstel om dit te laat ooreenstem nie. As ek julle die hele ding kon vertel, en julle het dit alles geweet, en ek het dit alles geweet, sou dit nie meer geloof wees nie. Enigiets wat ek heeltemal kan verduidelik, is nie meer geloof nie. Deur *geloof* word julle gered. Deur *geloof* is daar vir julle genesing. Glo julle dit net. Jy kan dit nie verduidelik nie, jy glo dit net.

88 So hy het gesê: “Gaan jy, en vra vir Johannes, of, vra Hom, of ons moet soek na ’n ander een. Was my, het my geloof, my vertroue en my—my. . .Ek het daardie Messiaanse teken oor Hom gesien, en—en was ek verkeerd? Is—is ek deurmekaar? Nou, het iets verkeerd geloop?”

89 Nou, toe hierdie dissipels na Jesus toe gekom het met hierdie groot profeet se boodskap, het Jesus nooit vir hulle gesê: “Nou, Ek sal jou sê wat Ek sal doen, Ek sal vir jou ’n bietjie lektuur terugstuur om vir Johannes te gee: *Hoe Om Gelukkig Te Wees In Die Tronk,*” nie. Nee, Hy—Hy het dit nooit gesê nie. Hy het nie—Hy het nie gesê: “Ek sal—Ek sal vir julle ’n boek oor geduld gee,

en sê julle vir Johannes hoe om geduldig te wees terwyl hy in die tronk is, nie. Dis 'n—dis 'n goeie ding, hy's in die tronk, en Ek haat, hom in die tronk te sien, maar Ek sal hom vertel hoe—hoe om dit te doen, o, net om gelukkig te wees."

90 Nee, Hy het dit nooit gesê nie. Weet julle wat Hy gesê het? Hy het gesê: "Bly net tot vanmiddag se diens. Bly net oor, dan kan julle daarna vertrek. Hou net vanmiddag se diens dop."

91 En nadat Jesus die diens gehad het. . .Ek sou my voorstel daardie dissipels van Johannes, wat daar gesit het, elke beweging dopgehou het wat Hy gemaak het, want Johannes het hulle geleer wat daardie Messias was, en vir hulle gesê wat dit was, en hierdie was sy dissipels. En hulle het begin sien wat gebeur het.

92 So toe na die diens verby was, toe, toe die twee dissipels teruggegaan het om Johannes te ontmoet, het Hy gesê: "Gaan, sê vir Johannes die kreupeles loop, die blindes sien, die dowes hoor, en almal wat na die diens toe kom, is arm. Die Evangelie word aan al die—die arm mense verkondig. En sê vir Johannes om nie bang te wees nie, om nie enigiets anders te dink nie, Ek's reg op skedule, alles loop reg, alles is reg. Ek is reg op skedule. Gaan, sê vir hom daar is 'n genesingsdiens aan die gang, die Evangelie word aan die armes verkondig, die krag van God beweeg onder hulle. Ek is reg op skedule. Moenie enige aandag skenk aan niks anders nie. Ek is reg op skedule."

93 O, goeiste! "En, salig is hy, elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie." Nou, moenie aanstoot neem nie. Ek glo daar is meer mense wat aanstoot neem in Jesus as enige ander persoon wat ooit op aarde gelewe het, hulle neem te gou aanstoot.

94 Jesus nou, in hierdie misplaaste saligspreking, het soontoe geglip sodat ons dit vanaand kon kry, wel, Hy het gesê: "Salig is hy, wat aan My nie aanstoot neem nie. Moenie aanstoot neem aan My nie. Maak nie saak wat gebeur nie, ek is, alles werk reg op skedule, so julle net—gaan net aan en glo dit, dis al, alles is reg. Gaan net aan en glo dit."

95 Julle weet, daar, Jesus het Johannes nie daarvoor bestraf nie. Hy het nie gesê: "Wel, Ek skaam My vir My apostel; Ek skaam My vir My profeet," nie. Nee, Hy het dit nooit gesê nie. Hy het nie gesê: "Wat gaan die wêreld hiervan sê, wanneer jy kom preek, 'O, so 'n groot Messias, en so 'n groot Messias,' en dan stuur jy mense om te vra of Ek die Messias is?" Hy het hom nooit bestraf nie.

96 Maar toe Johannes die ergste ding gesê het wat hy vir Jesus kon sê, het Jesus die beste ding gesê wat Johannes ooit van hom gesê het. Ja.

Jesus. . .Johannes het gesê: "Gaan, kyk of Hy daardie Een is."

97 En nadat hulle weg is, het Jesus gesê, vir hulle, het Hy gesê, nadat die dissipels van Johannes weg is, gesê: "Wat het julle

uitgegaan om in die wildernis te sien? Het jy uitgegaan om 'n man te sien geklee in mooi . . .?" Nee, hy was te ver van Hollywood af daarvoor. So Hy het gesê: "Het julle gegaan om 'n man te sien in mooi klere?" Gesê: "Hulle is van koning se paleise." Hy het gesê: "Wat het julle gegaan om te sien, 'n—'n—'n riet wat enige denominasie net na enige kant toe kon waai wat dit wou?" O, nee. Het beslis nie.

98 "So wat het julle gegaan om te sien? 'n Profeet?" Gesê: "Ja, julle het gegaan om 'n profeet te sien, en 'n groter, hy is meer as 'n profeet." Gesê: "Dit is daardie Elía, hierdie is daardie een wat deur die profeet gesê word: 'Ek stuur My boodskapper voor My aangesig.'" Gesê: "Voorwaar Ek sê vir julle, daar was nooit 'n man gebore uit 'n vrou so groot soos Johannes die Doper nie."

99 Hy het hom nooit veroordeel nie, Hy het geweet dat hy gesalf was met die gees van Elía, en daardie gees op hom was, dis wat dit gedoen het. Hy het geweet alles het reg verloop, alles het op skedule geloop.

100 Johannes, waarom was hy groter as—as al die profete? Nou, as jy geestelik is, sal jy iets vang. Waarom was hy die grootste? Al die ander profete het van die Messias *gepraat*, maar Johannes het Hom *voorgestel*, hy was die een wat Hom *voorgestel* het. So sal dit wees in die eindtyd. Alles loop op skedule.

101 Moenie aanstoot neem nie, glo net. Vandag neem die kerke aanstoot aan Hom. Die kerke neem aanstoot, die mense neem aanstoot, hulle is heeltemal verbouereerd, hulle weet nie wat om te dink nie, "Verstandstelepatie, iets anders, en alles . . . " Nee, moenie aanstoot neem nie.

102 Ons boodskap verlede Sondag het vir julle probeer wys wat God vir Abraham gedoen het en vir sy Saad na hom. En ons het uitgevind, by elke kruispad het Hy Abraham geneem, het Hy Sy Saad geneem, deur regverdigmaking, deur heiligmaking, deur die doop van die Heilige Gees, deur die plasing van 'n Seun, en toe het God in menslike vlees gekom, Sy rug gedraai na Sara se tent, en vertel wat sy in haar hart gedink het.

103 Moenie bang word nie, Hy is reg op skedule. Um-hum. Hy is hier! Moenie aanstoot neem aan Hom nie. "Salig is hulle, wat aan My nie aanstoot neem nie." Hier was om vanaand te praat, sou Hy dieselfde ding sê.

104 Hy is reg op skedule. Die profeet het gesê daar sal 'n tyd wees wat nie dag of nag sal wees nie, maar in die aandtyd, sal dit Lig word. Hy is reg op skedule.

105 Hy het klaar deur regverdigmaking gekom, Luther Tydperk; heiligmaking, Wesley Tydperk; Pinkstertydperk, klaar Sy gawes in die kerk geplaas; en nou, aan ons verskyn in ons vlees soos Jesus gesê het Hy sou.

106 Moenie aanstoot neem aan Hom nie, Hy is reg op tyd. “Johannes kom uit daardie tronk uit.” Gaan uit daardie organisasie uit wat nie daarin glo nie. Trek die skille van jou oë af, jy’s ’n vry man as jy dit sal glo. Hy’s reg op tyd. “Dit sal lig word in die aandtyd.” Amen.

107 Die Aandligte skyn. Wat is Hy? Dieselfde Jesus. Dieselfde son wat in die ooste opkom, is dieselfde son wat in die weste ondergaan, die Seun van God het oor die oosterse mense opgekom. Wat het Hy gedoen om aan die Samaritane en die Jode te bewys dat Hy Messias was? Deur ’n teken vir hulle te wys, dat Hy die Profeet was waarvan Moses gepraat het.

108 Die Samaritaanse vrou het dieselfde ding aanskou, en gesê: “Ons weet dat wanneer Messias kom, Hy ons hierdie dinge sal vertel. Maar Wie is U?”

Hy het gesê: “Ek is Hy.”

109 Sy het in die stad ingehardloop en gesê: “Is Hierdie nie die einste Messias nie? Die Man het vir my gesê wat verkeerd was met my, wat ek doen. Is Dit nie die Messias nie?” En die mense het dit geglo. Hy het dit gedoen vir die Samaritane en vir die Jode, maar nie vir die Heidene nie, voor die Evangelie na die Heidene gegaan het, was Hy alreeds verheerlik en in die Heerlikheid.

110 “Maar dit sal Lig word in die aandtyd.” Wat het die kerk gedoen? Het afgegaan in Katolisisme, ’n kerk georganiseer; toe het Luther uitgetrek vir regverdigmaking, vir die Saad; toe het Wesley uit Luther uitgekom, heiligmaking; toe die Pinksters, en hulle het georganiseer, en aan en aan en aan, hulle stelsels, en verder aan.

111 Nou kom ons by die laaste dae, wat is dit? Maar in die aandtyd, voor die liggaam van Sara en Abraham verander is, om die beloofde seun te ontvang, het Hy gekom, by hulle gesit, met hulle gepraat, en ’n teken voor hulle gedoen; en Jesus het daarna verwys. Ons is nie agter nie, moenie terugkyk na wat Luther gesê het, wat Wesley gesê het nie, kyk wat Jesus gesê het, kyk na die teken waar ons is.

112 Moenie terugkyk, wat iemand anders gesê het nie, kyk wat Hy gesê het, Hy was die Een, wat dit gesê het. En dieselfde son wat opkom in die ooste, sak in die weste. Daar was ’n somber dag, dit was beslis, genoeg Lig om te sien hoe om by kerke aan te sluit en organisasies te maak ensovoorts.

113 Maar daardie ware krag en manifestasies van die Teenwoordigheid van God is vir jare en jare en jare nie gesien nie. Ons het dit gevoel, ons weet dat dit hier is, ons het gawes daarmee sien werk, maar wanneer ons Hom sien sigbaar raak onder ons, met krag in Sy Kerk om uit te reik na die soom van die kleed van daardie Meester en dit aan te raak, Sy krag hier terug te bring, en deur Sy mense hier te spreek en te openbaar, maak Hom God, God met ons! O, ja!

114 Johannes, God maak die tronkdeure vanaand oop en laat jou vry. “Salig is hy, wat aan My nie aanstoot neem nie,” nie ’n gedagte lees, of ’n telepatie nie, maar ’n krag van ’n herrese Christus, Wat binnekort kom.

Laat ons bid.

115 Dierbare God, soos die Aandligte skyn, verblind Dit die oë van baie, maar ander gebruik Dit om in te wandel. Ek bid, God, dat vanaand, dat U weer die Aandligte sal gee, en aan die, hierdie aandmense, en mag hulle die krag van U opstanding sien, want U het gesê, Self, dat: “Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen.” En ons wonder watter werke wat U gedoen het. Dan vind ons in Johannes die 5de hoofstuk, die 19de vers, dat U gesê het: “Ek doen niks totdat Ek die Vader dit eers sien doen het nie.” Dan het U dit belowe, ons weet dis waar.

116 Nou, vir nog een keer, Here, en dan is dit voltooi. En mag baie van die Johannesse wat vandag opgesluit is in die tronk, goeie manne en vroue, wat U ken as hulle Verlosser, en hulle gewonder het, O God, mag hulle sien dat U reg op skedule is, U net betyds is. Skenk dit, vra ons, in Jesus’ Naam. Amen.

117 Nou, net voor ons ons altaar-oproep het, ek wat net ’n bietjie laat is vanaand, en ek het gedink gisteraand het ek gepreek . . . Ek gaan vir Billy sê ek het dit beslis vanaand gemaak. Hy het vir my gesê ek kan nie minder as ’n uur-en-’n-half preek nie, maar ek het dit beslis daardie keer uitgekry, met die hulp van die Here.

118 Nou, ek glo ons het gister gebedskaartjies uitgegee, of, het hy enige uitgegee vandag? Of, wat was daardie? Een tot ’n honderd, glo ek het hy gister uitgegee, was dit nie? Wat was dit? A’s? A’s. Goed. Waar het ons begin? Ons het gegaan, ons het van een af begin gister, het ons nie? Een? Wel, kom ons begin van die agterkant van hulle af. Laat ons neem, laat ons begin, oorgaan, net ’n paar hierbo, want ons tyd is om- . . . Kom ons begin by tagtig- . . . [Leë kol op band—Red.]

119 Hoeveel was nog nooit tevore in een van die dienste nie? Steek julle hande op. Kyk net daar, die helfte van die diens. As Jesus Christus . . . Hoeveel weet dat Jesus Christus alreeds die siekes genees het, alreeds die verlorenes gered het? Nou, Hy kon jou nie red of jou genees nie, Hy sou net vir jou sê Hy het dit alreeds gedoen, jy moet dit glo.

120 Maar Hy het belowe dat die werke wat Hy gedoen het, ons ook sou doen, en veral in hierdie aandtyd. Hoeveel weet dit, glo dis die waarheid? Sê Dit: “Hy’s dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid”? Hy is beslis dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Goed. As Hy is, mag Hy dan so optree.

121 Nou, julle almal in die gebedsry, wat daar staan, wat ’n vreemdeling vir my is, dat julle weet dat ek niks van julle af weet nie, steek julle hande op, almal wat weet. Elkeen van hulle.

122 Goed, almal daarbuite, julle mense wat nie 'n gebedskaartjie het nie, en julle wil genees word, en julle weet ek weet niks van julle af nie, steek julle hande op, al die mense.

123 Elke persoon in die gebou wat weet dat ek niks van julle af weet nie, steek julle hande op, oral. Ek dink nie daar's 'n persoon wat ek kan sien wat ek ken nie. As ek nie verkeerd is nie, is hierdie 'n prediker van Arkansas, wat net hier sit, glo ek. Hierdie ligte, julle sien, ek—ek kan hom nie te goed sien nie, maar ek dink dis 'n prediker van Arkansas.

124 Hoeveel weet dat daar eenkeer 'n vrou in die gebedsry gekom het? Daar het 'n dame ingekom, sy het in haar hart gesê: "As ek net die soom van daardie Man se kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word," sy het 'n bloedvloeiing gehad. Onthou julle dit? En sy het deur die skare geglip, en sy het aangeraak, omtrent soos *dit*. Nou, jy sou dit nooit gevoel het nie. En julle weet, Broer Tommy, die onderkleed van die Palestynse, die groot lang kleed, hulle het onderklere gedra as gevolg van die stof, die pad het dit opgetel.

125 Nou, as sy die soom van daardie kleed aangeraak het, weer uitgegaan het in die gehoor. . .En Jesus het gesê: "Wie het My aangeraak?" Nou, dit was die Seun van God. "Wie het My aangeraak?"

126 En Petrus het Hom bestraf, gesê: "Wel, alles. . .wat is. . .wel, die mense dink daar's iets verkeerd met U. Hulle is, wel, hulle is, almal raak aan U." Jy weet: "Hallo daar. Hoe gaan dit met U, Eerwaarde?" ensovoorts, jy weet: "Rabbi."

127 Hy het gesê: "Maar Ek merk dat Ek swak geword het." Hoeveel weet dat deug, krag is? Sekerlik. "Krag het van My uitgegaan. Iemand het My aangeraak." En Hy het omgedraai, oor die gehoor bly kyk, totdat Hy gevind het waar dit was, en Hy het gesê, haar vertel van haar bloedvloeiing wat gestop het as gevolg van haar geloof wat haar gered het. Is dit die waarheid?

Wel nou, is Hy, vanaand, julle predikerbroers, saam met wie ons vanmôre eet. . .?

128 Hierdie broer *hier*, glo ek, is die broer waarvan hy gepraat het van al die grade wat hy gekry het in—in—in 'n Baptiste skool, Doktor, en Ph.D., en ek weet nie wat alles nie, hy het ons daarvan vertel, maar hy moes dit alles vergeet, soos Paulus, om Christus te ken.

129 So, dan, maar die Skrif leer ons oorkant in Hebreërs dat Hy 'n Hoëpriester is, nou, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakheid. Dis reg. Hoeveel weet dat dit so is? Wel, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, hoe sou Hy dan optree as jy Hom aanraak? Sien? Hy sou dieselfde optree, sou Hy nie? "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien; want Ek sal met julle wees, selfs in julle; tot aan die einde van die wêreld; die werke wat Ek doen, sal julle ook."

Is dit reg? En Hy het belowe dit sou na die Heidense mense kom, nie onder deur die Lutherse Eeu, Wesleyaanse Eeu nie, maar aan die eindtyd sou dit gebeur.

130 Nou, sien julle nie? Hy is reg op tyd, reg op, en onthou, hierdie het al om die wêreld gegaan. So ons is aan die einde, daar's geen twyfel nie, geen twyfel nie. Maar raak jy Sy kleed aan.

Nou: "Wat is dit, Broer Branham?"

131 Dis nie ek nie. En dit sou niks vir my doen as jy dit nie gedoen het nie. Dis—dis jy, net soveel daarin as wat ek is. Dit moet jou geloof wees wat Sy. . .Hom aanraak, sodat Hy deur my sal spreek. Dis net 'n gawe om myself aan Hom oor te gee, Hom net my oë te gee, my verstand, my tong, my wese, nou, ek ken nie een van julle nie, maar dis—dis Hy wat daardeur praat, sien. Dis Hy wat dit doen. So dit—dit is nie ek nie. So wat het dit, dit laat doen? Ek ken jou nie.

Julle sê: "Van my, Broer Branham?"

Ek weet nie.

"Van my?"

132 Ek weet nie, maar Hy weet wel, so raak jy Hom aan, dan gebruik Hy my net, terug. So, sien, dis ek en julle saam, as Sy diensknegte. En Hy maak Homself bekend aan Sy mense, dat Hy reg op tyd is, Hy is reg op die skedule, net presies, net voor die eindtyd, wanneer die Aandligte sou skyn.

Nou, As Hy dit sal doen, hoeveel sal Hom liefhê en Hom glo en Hom aanvaar? God seën julle.

133 Nou, Hemelse Vader, die res is in U hande. Ek vertrou myself en hierdie gehoor toe aan U. Net een geval sal dit bewys, Vader. In die Naam van Jesus Christus, laat dit gebeur. Amen.

134 Nou, wees baie eerbiedig, moenie meer opstaan nie, sit stil. Wees baie eerbiedig net vir 'n paar oomblikke.

135 Nou, een Woord van Hom sal meer beteken as wat ek in vyftig, 'n honderd leeftye kan sê, net een Woord van Hom.

136 Nou, julle daarbuite nou wat geen gebedskaartjie het nie, of waar julle ook al is, wat julle toestand ook al is, sê jy net: "O Groot Hoëpriester, laat ek U aanraak. En Broer Branham ken my nie, en dan draai U hom om na my, en laat hom vir my sê waaroor ek bid, laat hom vir my sê wat verkeerd is met my, hy ken my nie, hier, o, iets wat ek dink, of doen, of wat dit ook al is, laat hom vir my sê, ek sal U glo." Want die Bybel het gesê dis net hoe Hy sou maak. Dis hoe Hy dit gedoen *het*, dis hoe Hy dit *sal* doen.

137 En julle sien, vriende, as een keer vir Jesus swak laat voel het, wat sou dit aan my, 'n sondaar, doen? Julle sal nooit weet totdat ons by die poort daarbo ontmoet, wat ek. . .wat is. . .wat

die prys is nie. Maar dis, ek kla nie, ek dank God, julle sien; net sodat julle sal verstaan.

138 Wel, dae, het ons afgekom, en hulle gee gebedskaartjies uit, en dan later, tel ek daardie gebedskaartjies op, deur die week om—om sommige *hier* uit te soek, en sommige *hier* oorkant, en *hier* onder, sodat dit nie, almal nie sal storm vir gebedskaartjie nommer een nie. Sien? So hulle, en dan, die seun, voor hy hulle uitgegee het, kom hy ondertoe, en staan voor die gehoor, en skommel hierdie kaartjies, skommel hulle almal. Ek reken julle het hom dit sien doen. Goed.

139 Dan gaan hy ondertoe, as jy een wil hê, gee hy vir jou een. Dan kan die seun nie sê: "Wel nou, ek het vir haar nommer een gegee," nie. Hy weet self nie, hy gee dit net uit, sien, skommel, gee jou, hy mag jou tien gee, en die volgende een langs jou, vyf-en-negentig.

140 So dan, iewers deur die week, hou ek aan, sal ek roep van twintig tot dertig, of van vyftig tot negentig, of negentig terug na twintig, of êrens daar soos daardie, waar die Here ook al op my hart lê, want, op daardie manier, wel dan, net waar die Heilige Gees ook al lei om te roep.

141 Is net vanaand, deur daardie leiding, hierdie vrou, 'n gekleurde vrou, ek, 'n wit man. Ek's 'n vreemdeling vir jou? Ons ken nie mekaar nie? Is dit ons eerste ontmoeting?

Sien nou?

142 Nou, as die Heilige Gees, steeds die Heilige Gees bly wat in Christus was, in ons is vanaand, as dit dieselfde Gees is, dan sal Dit dieselfde werk doen. As dit waar is, die Heilige Gees, dan sal Dit die werk van die Heilige Gees doen, as. . . Dit sal die werk van Jesus doen.

143 En op daardie manier kan jy seker wees, dan, wat Hy destyds daar was, jy weet wat Hy nou is. So kom ons neem Johannes die 4de hoofstuk, daar was, toe Hy, as 'n Jood, 'n Samaritaanse vrou ontmoet het, en Hy het 'n paar minute met haar gepraat om haar gees te kontak, en toe het Hy haar vertel van waar haar probleem was. En sy het gesê: "Meneer, ek sien U is 'n Profeet. Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel." En sy het *dit* vir Hom gesê.

En Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

144 En sy het in die stad ingehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?" En al die mense het geglo, en elkeen, Jesus het dit nooit met nog een persoon gedoen nie, maar die hele stad het in Hom geglo. Hy het nooit enigiemand genees nie, net daar ingegaan, Homself verklaar. Die vrou. . . En die Bybel het gesê dat die hele stad in Hom geglo het as gevolg van die getuienis van die vrou.

145 Nou, as dit Jesus gister was, en Hy kan dieselfde ding kom doen, as ’n Afrika-meisie en ’n Anglo-Saksiese man wat hier staan, en as Hy iets aan my kan openbaar waarvoor jy hier is, iets wat jy gedoen het, of so-iets, jy weet—jy weet of dit die waarheid is of nie. Jy sou beslis. En dan, as Hy vir jou kan sê wat was, kan Hy jou beslis sê wat sal wees. Glo jy dit?

146 Aan al die gekleurde mense hier, wit ook, en wat ook al, glo julle dit met julle hele hart? Goed.

147 Nou, as enige van julle mense nie glo dit is die waarheid nie, en julle glo dis sielkunde, ek het geen Ph.D. nie, kom hiernatoe en doen dit self.

148 Ek wag vir jou.

149 As jy dan bang is om te kom, aanvaar dit, of bly stil daaroor, sien.

150 Ek het dit gesê omdat ek gelei is om dit te doen. Daar is iets wat aangaan waarvan ek—ek weet.

151 Julle is ook bewus dat iets *hier* aan die gang is. Een van jou probleme is senuweeagtigheid, regtig uiters senuweeagtig.

152 Daar kom dit: “Hy het dit geraai.” (Waarom, kry jy dit altyd?) Ek kon sê: “Iemand daarbuite is senuweeagtig, iemand, die Here het iets gesê,” maar *wie* is daardie iemand? *Hierdie* is daardie iemand.

153 Staan. . . Net sy het ’n mooi gees, ons sien dat hierdie is. Senuweeagtig? Jy het ook probleme met jou skouer. Dis reg. Jy het ook hartprobleme. Is dit reg? Jy het ’n begeerte op jou hart. Is dit waar? Dis oor ’n seun. Uh-huh. Hy’s in ’n inrigting, hospitaal, jy bid oor hom. Wil jy hê ek, moet vir jou sê wie jy is? Mev. Richardson, gaan, glo.

154 Julle sal nooit weet wat dit aan my doen nie, dit maak net die lewe self dood. Nou, baie eerbiedig, elkeen.

155 Aangename kennis, meneer? Ons is vreemdelinge vir mekaar, ons is, maar Jesus ken ons albei en het ons albei gevoed. As God my net sal laat weet waarvoor jy hier staan, sodat ek nie in te veel besonderhede hoef in te gaan nie. Sien, ’n hele, het ’n hele ry wat daar staan, en ander daarbuite wat bid. Kyk wat dit aan my doen.

156 Maar as Hy my net iets van jou sou vertel, sou jy glo? Natuurlik, een van die dinge waarvoor jy gebed wil hê, is jou oë, natuurlik, jy dra bril, enigiemand kan dit sien.

Dis nie al wat fout is met die man nie. Daar’s iets anders, want hy het ’n skaduwee oor hom van die dood, sy oë sou dit nie doen nie.

157 Dis TB, tuberkulose, jy het ’n operasie daarvoor gehad, was nie suksesvol nie, het nie gedoen wat dit moes doen nie. Is dit reg? Glo jy nou, dit gaan reg wees? Glo net met jou hele hart.

158 Sou jy glo dat Hy die Seun van God is en jou genees het? Sal. . .Jy sou? Stap dan net verby, sê: "Dank U, Here." Daardie maagseer sal regkom.

159 Ek ken jou nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Glo jy dat Jesus Christus die Seun van God is? Glo jy Hy het my gestuur as 'n boodskapper na die Kerk in hierdie laaste dae, om hierdie Skrif voort te bring en 'n gawe te gee? Nie omdat dit ek was nie. Nie omdat Hy moes kry nie, Hy het. . .Hy kry waarskynlik, gewoonlik wel iemand, wat niks weet nie, sodat Hy Homself kan wys. Sien? Glo jy dat hierdie dinge waarvan ek praat die waarheid is volgens die Skrif?

Sy blyk so vol hartseer te wees, is die rede waarom ek—ek 'n oomblik met haar gepraat het.

160 Ja, dit is, die eerste ding is vir jouself, jy het 'n—'n operasie gehad. En dit was 'n vroulike, damesprobleem, 'n skoonmaak van al die binnekant van die vroulike organe wat verwyder is. Maar dit—dit het misluk, dit het iets gedoen. Nou, net 'n oomblik. Dis. . .die dok-. . .dit het gebars, dit het gebars en jy moes terugkeer, jy moes teruggaan.

161 Maar jou—jou, dit is nie regtig jou hartseer nie. Jou hartseer is oor 'n kind, dis jou kind. En dis—dit het een of ander siekte gehad, of iets verkeerd, TB. En nou het dit een of ander soort van 'n floutes soort van, dis reg. Jy het nog een waaroor jy gepla is, en dit het 'n oorprobleem. Dis reg. Jou naam is Mev. Smith. Gaan jy, glo die Here en dit sal wees. . .?. . .

Glo jy? Hê geloof. Hê net—net geloof, glo.

162 Aangename kennis, dame? Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek—ek ken jou nie. Sover ek weet, het ek jou nog nooit in my lewe gesien nie, en ons ontmoet net hier vir die eerste keer. As ek—as ek iets vir jou kon doen en dit nie sou doen nie, dan sou ek 'n—sou ek 'n slegte persoon wees, Ek's nie—nie, ek behoort nie hier agter die preekstoel te staan as 'n prediker nie.

163 En ek—ek kon jou nie help nie. En as Hy Self hier gestaan het, en hierdie klere gedra het wat Hy vir my gegee het, kon Hy net bewys dat Hy Messias was wat vir jou gedoen het, maar jy sou geloof moes hê dat Hy dit vir jou gedoen het, of dit—dit sou in elk geval nie werk nie. Is dit nie reg nie? Maar as Hy hier sou staan en vir jou iets vertel, wat jou probleem is, of wat jy gedoen het, wat jy nie moes gedoen het, of iets daaromtrent, dan sou jy geloof hê om dit te glo, sou jy nie?

Sou dit nou die geloof van die gehoor versterk? Jy raak dof vir my.

164 Wel, jy het 'n ongeluk gehad, gepla in die kop. En dan het jy probleme in jou linkersy. Dis reg. Komplikasies, soveel dinge verkeerd. Dit is waar. Ja, mevrou. As God vir my sou sê wie jy is, sou dit jou help? Mejuffrou Terry. God seën jou.

Glo julle nou met julle hele hart?

Hy genees hartprobleme, nie waar nie? Glo jy Hy doen dit? Gaan net reguit aan en sê: "Dank U, dierbare God, dank U." Ja, meneer.

Glo jy Hy genees artritis en maak mense gesond? Goed, kom net aan, glo dit met jou hele hart. God seën jou.

'n Damesprobleem en hartprobleem. Glo jy Hy sal jou gesond maak? Goed. Gaan net op jou pad en juig, sê: "Dank U."

Jy's jonk om 'n anemiese toestand te hê, maar glo jy Hy gee bloedoortappings? Gaan, sê: "Dank U, Here." Gaan, gelowig.

Sinus en elke, o, glo jy Hy genees dit? Gaan net, sê: "Dank U, Here Jesus."

165 Jy sal 'n operasie vir daardie gewas moet kry, maar jy glo God sal jou daarvan genees? Goed, goed, gaan net reguit op jou pad en juig, sê—sê: "Dank U, Here."

Kom. Kom, dame. Glo jy Hy genees senuweeagtigheid? Goed, gaan op jou pad blymoedig, sê: "Dank U, Here." Amen.

Wat as ek niks vir jou gesê het nie? Sal jy my in elk geval glo? Kom hier. In die Naam van Jesus, mag sy genees word. Gaan, gelowig.

Kom. Net 'n oomblik, net 'n oomblik, het iets iewers gebeur.

Het daardie mense wat daar verbygegaan het, in die gebedsry was, daar teruggegaan het? O, ja. Dit mag gewees het wat . . .

166 Meneer, wat reg agter hier in die ry sit, net hier sit en na my kyk, jy ly aan 'n prostaatprobleem. Ja, meneer. Wat daar sit, ja, meneer. Um-hum. Ja. Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie 'n gebedskaartjie nie, het jy? Jy het dit nie nodig nie, jou geloof het jou genees.

167 Hierdie tweede vrou van daar af, is jou vrou. Dis reg. Ek sien julle in 'n huis saam. En sy ly aan probleme met haar lewer. Dis reg. As dit reg is, steek jou hand op. Gaan huis toe, Jesus Christus maak jou gesond.

168 Daardie dame wat daar sit, langs jou, het iets verkeerd met haar tong. Glo jy, dame? As dit waar is, steek jou hand op. Goed. Gaan huis toe.

169 Jy, wat op die punt sit daarbuite, wat van jou? Daar is Dit nou bokant jou, het blaasprobleme. Dis reg. Goed. Glo jy? Goed, gaan huis toe en word gesond.

Aanvaar julle dit? Wat het hulle aangeraak?

170 Hier—hier het 'n man gesit wat begin huil het, wat reg hieragter gesit het, hierdie man, dis daardie jong kêrel. Nou, daardie man, ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie. Maar luister, seun, jy het maagprobleme. Dis reg. Maar jy het gebid, die Gees het op jou gekom, 'n baie wonderlike gevoel. As ek 'n

vreemdeling vir jou is, wuif jou hand soos *hierdie*. Ek ken jou nie. Is dit wat die probleem met jou is? Wuif jou hand. Goed, jy's genees. Jesus Christus maak jou gesond.

171 Hierdie dame wat reg daaragter sit, wat aan epilepsie ly, glo jy dat God jou sal gesond maak, jou sal genees? Glo jy dit? As jy jou genesing sal aanvaar, sal daardie floutes jou verlaat, sal jy dit nie meer hê nie. Glo dit.

172 Die dametjie, wat daar sit, kyk na my aan die kant met haar hand op soos *hierdie*, iets verkeerd is met haar enkel, glo jy dat God jou sal gesond maak? Goed, jy kan jou genesing kry.

173 Hierdie dame wat hier staan met jou hand op, jy is gereed vir 'n operasie, daardie ou gewas, maar God sal dit wegneem, jou gesond maak. Glo jy dit? Gaan, glo dit.

Hierdie vriendelike vrou, met 'n wit band om haar kop hier, gekleurde dame, galblaasprobleme. Glo jy God sal jou genees?

174 Wat van jou in die rolstoel? Glo jy dat ek Sy profeet is? Jy sal sterf as jy daar sit. Jy het een kans om te lewe, soos die melaatses was, wat by die poort van Samaria gesit het. Ek kan jou nie genees nie, Suster, ek's geen geneser nie. Maar daardie Samaritane, hulle het gesê: "As ons hier sit, sal ons sterf, as ons in die stad ingaan, sal ons sterf. So die enigste kans wat ons het, is om na die kamp van die vyand te gaan, as hulle ons doodmaak, gaan ons in elk geval sterf, maar as hulle ons red, sal ons lewendig wees."

175 Hulle het een kans uit miljoene gehad. Jy het nie daardie soort van 'n kans nie, jy word uitgenooi, vanaand, na die Huis van 'n ware liefdevolle God. Staan nou op jou voete. Gaan, loop in elk geval.

176 Laat ons opstaan en glo in die Here Jesus Christus. Staan op. As jy Hom sal glo, staan op jou voete, in die Naam van Jesus Christus, en aanvaar jou genesing. Amen.

(Neem die altaar-oproep.)

61-0425E Die Vergete Saligspreking
Stephen Mather Hoërskool
Chicago, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org